

BOEKBESPREKINGS

Paravicini di Capelli, W. B. E.: Reize in de Binnen-landen van Zuid-Afrika. Uitgegeef en toegelig, met inleiding, voetnote, sketskaarte en verkorte weergawe in Engels deur dr. W. J. de Kock. Pp. XXXIII/289; Van Riebeeck-vereniging, Kaapstad, 1965.

Hierdie jongste uitgawe (Nr. 46) van die Van Riebeeck-vereniging doen hierdie reeks allesins eer aan. Dit is 'n teksuitgawe van hoogstaande gehalte, uitstekend versorg en uitvoerig toegelig. Daarby is die teks self interessant van inhoud en met 'n vaardige hand geskryf. W. B. E. Paravicini di Capelli, lid van die Nederlandse tak van 'n groot, van oorsprong Italiaanse familie, was kaptein van die artillerie in die leër van die Bataafse Republiek en aide-de-camp van genl. Jan Willem Janssens, goewerneur aan die Kaap van 1803 tot 1806. Die joernaal, in die vorm van dagboek-aantekeninge, is 'n neerslag van die bekende reis van Janssens na die binneland waarop hy deur sy aid-de-camp vergesel is. Dit loop van 2 April tot 27 Mei 1803.

Van hierdie reis bestaan daar eintlik drie joernale. Een is dié van Dirk Gysbert van Reenen wat as Nr. 18 in die reeks van die Van Riebeeck-vereniging gepubliseer is en die ander is die offisiële verslag van Janssens se reis wat in die reeks van die Linschoten-vereniging opgeneem is. Laasgenoemde is ook deur Paravicini di Capelli opgestel en dit toon groot ooreenkoms met hierdie privaat joernaal van hom wat nou vir die eerste keer gepubliseer word.

In sy inleiding bespreek dr. De Kock die herkoms van die teks en ander wetenskaplike in verband daarmee, terwyl hy 'n simpatieke lewensskets van die skrywer gee soos uit verskillende bronne saamgestel en soos hy homself uit sy joernaal laat ken. „Hy laat hom sien as verfynde, intelligente, ontwikkelde en rype mens . . . Oral loer sy humorsin om die hoek . . . Hy geniet van alles, veral van die jag, werp sy woord van kritiek in waar hy die nodig ag en reis met wakkere aandag” (p. XV).

Die voetnote getuig van nougesette arbeid. Veral is moeite gedoen om die reisroete noukeurig te bepaal deur uitvoerige vergelyking met ander reisjoernale en, na dit voorkom, persoonlike ondersoek ter plase. Op 'n landkaart is die reis dan ook noukeurig uitgestippel met al die plekname wat in die teks genoem word terwyl ook moderne plekname daarop oriëntasie maklik maak. Die geheel kan geld as 'n belangrike bydrae tot ons bronnelektuur.

Soos alle uitgawes van die Van Riebeeck-vereniging is die boek tipografies goed versorg, terwyl 'n aantal afbeeldings, waaronder die van akwarelle uit die Paravicini-handskrif die aantreklikheid daarvan verhoog.

F. J. du T. Spies.

Freeman-Grenville, G. S. P.: The French at Kilwa Island. Oxford University Press, 1965. Price R4-20.

The little known fact that the French attempted to set up a slave trading centre on the Tanganyika coast at Kilwa between the years 1773 and 1779, is vividly portrayed in the series of hitherto unpublished letters, memoranda and verbatim records of conversations contained in this book. The French factor of whom little is known, who tried to extend French influence into East Africa was a certain Monsieur Morice whose Christian name and parentage remain unknown. Morice was an unashamed eighteenth century slave-trader whose activities at Kilwa, the island capital of the Tanganyika coast in medieval times, gave impetus to that terrible traffic in human lives in which everybody seemed to have indulged without moral compunction during the high tide of eighteenth century economic imperialism.

Morice's principal ambition was to set up a trading station at Kilwa and the documents contained in this book represent his trading and other activities up and down the coast. His was a private venture modelled upon the French East Indies Company and his comings and going along the coast was untrammelled by governmental policy. The French government was not interested in the East coast at this time. Although Morice was foremost a *commerçant*, he had a genuine trenchant for quick observation and penetration, with the result that his letters give us a vivid image of the decaying Kingdom of Kilwa of the 1770's. Morice had no literary or scholarly pretensions, but he had the rare ability to describe what he saw and experienced.

The discovery of Morice's letters and manuscripts entailed a fortuitous hunt from so far afield as the *Archives de France* to the Rare Books Library of the University of Chicago and with the final collation of the materials new light is shed on the past of the East African coast. The description of the hunt for the documents themselves is an interesting example of heuristic activity that would afford great pleasure to the dry-as-dust historian who plie his trade in the obscurity of dungeon-like archives. Even the historian has his romantic moments and the tracing of unknown documentary material does have its compensations. The student of eighteenth century South African history will be interested to note that Monsieur Morice's name appears for a fleeting moment in the *Minutes of the Council of Policy* of 24 March 1773. It is mentioned in the Minutes that a certain Monsieur Morice, with a cargo of slaves on the good ship *La Dique* had requested refreshments for his slaves who were in an exceedingly poor condition. Monsieur Morice claims that he was the first shipowner to bring slaves from Kerimba to Mauritius. It is probable that some of these slaves were exported to the Cape. Although he is also described as an "armateur" or shipowner at the Cape, the Cape Archives do not support this claim.

Morice was unable to engender French interest in Kilwa despite the strong hint of possible Dutch interference which he thought a possibility after a visit to the Cape in 1777. French disinterest, however, did not abjure him from continuing with his trading venture at Kilwa where he apparently purchased a fort called *Hunsun's Kubwa* from the sultan where he died in approximately 1781. As Joseph Crarsons de Medeur a ship's captain of those times so poignantly put it: "Death put an end to Monsieur Morice's progress. He was mourned for and is still spoken of with tenderness and veneration . . ." Kilwa itself declined while Zanzibar island further north entered a period of prosperity. By the beginning of the nineteenth century Zanzibar had become the principal centre for the coastal slave trade while Kilwa, the erstwhile proud sultanate along the Arab coast had become trivial.

Monsieur Morice made no contribution to the history of the East coast of Africa, he can hardly be said to have participated in the events, but as an onlooker he left a description which is of inestimable value to the anthropologist, the economist as well as the historian in their attempts to penetrate the thick veil of obscurity that enshrouds the past of the greater part of Africa.

Mr. G. S. P. Freeman-Grenville, the compiler of this book of documentary material, has just as in the case of other works of his on East Africa such as his brilliant *The Medieval History of the Coast of Tanganyika*, made an excellent contribution to the historiography of this part of Africa. His description of the tracing of Monsieur Morice's papers and the notes accompanying the documentary material, shows the well-trained hand of the historian and archaeologist. The various plates and maps which illustrate the documentary material, still further enhances the value of a book that no student of the history of Africa can miss from his bookshelf.

T. S. van Rooyen.

Honikman, A. H. (ed.): Cape Town City of Good Hope; pp. 278, groot aantal foto's, afbeeldings, sketse, kaarte (baie in kleur); Howard B. Timmins, Kaapstad, 1966. R7.50.

Hierdie boek is nie sommer 'n populêre geïllustreerde gids vir Kaapstad nie. Inteendeel, dit gaan baie verder. Dit het tot stand gekom met die hulp van 'n groot aantal vooraanstaande medewerkers, elkeen 'n deskundige op sy eie gebied. Dit begin met 'n korte oorsig van die geskiedenis van voor 1652, die vestiging van Kaapstad, werkprobleme, die vryburgers, die bou van die Kasteel en die Kat, uitbreiding van die stad, Hugenote, kerk, die Britse bestuur en die 20ste Eeu. Vervolgens 'n kykie op die Kaapse skole en hospitale en hoe hulle tot stand gekom het en 'n beskrywing van die stad se watervoorsiening, die moderne paaiestelsel en behuising. Dit word gevolg deur hoofstukke oor die lokale regering, handel en industrie, die Universiteit van Kaapstad, Tafelberg en die maritieme geskiedenis. Na klimaat, golfstromings en astronomie volg 'n hoofstuk oor die boukuns, waarby veral die argitektuur van ons eie tyd met alle probleme wat daaraan vas sit besondere aandag kry. Kaapstad is 'n middelpunt van dramatiese kuns, musiek, literatuur en beeldende kuns. Ten slotte is daar 'n oorsig van die voëllewe, bebossing en plantegroei.

Dit is 'n prestasie op sigself dat hierdie wyd uiteenlopende onderwerpe tot een eenheid saamgebring kon word. Maar bowendien vind die leser in elke hoofstuk baie feite waarvan 'n buitestaander en selfs die meeste Kapenaars self nouliks bewus is. Die melkhouboom, waaronder waarskynlik die wapenstilstand na die veldslag van Bloubergstrand, geteken is en waarby die Kaap onder Britse bestuur gekom het, staan nog, hoewel die sgn. „Treaty Cottage” helaas enkele jare gelede verdwyn het. Die vooraanstaande Jan van Riebeeckskool het in 'n motorhuis begin. Simon van der Stel het in sy tyd reeds 'n hospitaal laat bou vir 500 pasiënte, hoewel die beskikbare ruimte vir elke persoon natuurlik baie kleiner was as wat die moderne tyd noodsaaklik ag. Wie besef hoe groot eintlik die invloed van die handel op die aanleg en modernisering van die paaie en spoorweë was? Hoewel dit eintlik voor die hand lê, dink mens nie daaraan dat Tafelberg, met sy klowe 'n ideale skuilplek was vir slawe en drosters nie. Die storie van Joshua Penny wat in 1799 op die berg weggekrui het en vir veertien maande in eensaamheid daar gewoon en in eie onderhoud voorsien het, is 'n merkwaardige voorbeeld van die Berg se moontlikhede! Die rol wat Tafelberg in die beeldende kuns gespeel het en die telkens veranderende visie wat die kunstenaars deur die eeue daarvan gehad het, is 'n geskiedenis op sigself. Belangrik is die kort hoofstuk oor bome- en plantegroei, waaruit blyk dat party ingevoerde bome, soos Port Jackson, Rooikrantz en dennebome 'n twyfelagtige voordeel is. Hoewel daar, veral deur middel van Kirstenbosch, reeds baie gedoen word om die flora van die Skiereiland wat uniek in die wêreld is te beskerm, is skerper maatreëls blykbaar nog dringend nodig.

So kon ons nog baie meer oor hierdie boek vertel, wat deur sy oorsig oor allerlei aspekte van Kaapstad, die uitsonderlik groot aantal illustrasies en mooi druk, besonder aantreklik is. Die teks word opgeluister deur vlot tekeninge van lokale kunstenaars. Ek sou graag aan die einde van elke hoofstuk 'n kort verwysing na bronne vir verdere raadpleging gesien het.

Elkeen wat van Kaapstad, die Skiereiland en Tafelberg hou, sal hierdie boek aanskaf. Maar nie net bewoners van Kaapstad self nie, ook meer belangstellende besoekers uit ander dele van die land, en veral ook buitelandse toeriste sal hierdie boek 'n bron van voortdurende genot vind.

F. G. E. Nilant

Galbraith, John Kenneth: Politieke ekonomie. Pp. 158, 208. Aulareeks, Utrecht-Amsterdam, 1964.

'n Groot deel van die inhoud van hierdie Nederlandse vertaling van Galbraith se geskrif, wat oorspronklik onder die titel *The Liberal Hour* verskyn het, is gebaseer op 'n reeks lesings wat deur hierdie ekonoom aan die Grinnellkollege, Iowa, gegee is. Galbraith beskou die ekonomie as 'n maatskappy-wetenskap wat daarop gerig is om die aktuele samehange te deursien. Sy belangstelling gaan uit na die invloed wat teorieë en opvattings uitoefen as politieke en sosiale kragte en sy beskrywing oor die groot Amerikaanse ekonomiese ineenstorting van 1929 en wat daarna gevolg het, is 'n voortreflike kombinasie van geskiedskrywing, kennissosiologie en monitêre ontleding.

Vir ons, as studente in die geskiedenis, is die tweede deel van Galbraith se opstelle (pp. 89-177) veral van belang. Waar hy in die eerste studie hiervan die invloed van groot gebeurtenisse bespreek, daar verklaar hy dat daardeur die mens se denkwyse so verander, dat dit nooit weer dieselfde as voorheen word nie, maar ook dat 'n bepaalde historiese gebeure 'n groot deel van 'n bepaalde volk of volke moet raak om daardie uitwerking te hê (p. 89).

Een voorbeeld wat die skrywer na aanleiding van hierdie stelling ontleed, is die Amerikaanse Burgeroorlog. Galbraith se kritiek gaan veral uit na bepaalde stereotiepe opvattinge wat tot vandag toe nog nooit hersien is nie, soos i.v.m. die beleidvoering (burgerlik en militêr) tydens die Burgeroorlog. Skrywers kan gerus die finansiële aspekte hersien om dan tot die gevolgtrekking te kom dat die inflasionêre neiging na die oorlog nie te sterk was nie en dat die suide, wat gewoonlik as blywend verarm beskryf word, binne twintig jaar — ekonomies gesproke — volledig herstel belewe het.

Die tweede studie (pp. 103-123) handel oor die oorsake en die verloop van die ekonomiese depressie van 1929 en is besonder belangrik aangesien dit op 'n wêrelddepressie uitgeloop het. Onder die foute wat voor 1929 in die V.S.A. gemaak is, noem skrywer die opvallende ongelikheid van inkomste, die trustvorming, die spekulasiegees en die oneweredige betalingsbalans. Leiers soos Warren G. Harding en Calvin Coolidge het as gevolg van gebrek aan ekonomiese insig gefaal.

Lesenswaardig is Galbraith se kritiese beskouings oor die mitevorming rondom Henry Ford in die twintiger jare, hoofsaaklik as gevolg van 'n drietal boeke wat deur Samuel Crowther oor die Amerikaanse motorkoning geskrywe is. Galbraith kom o.m. tot die volgende gevolgtrekkings: Ford was geen genie nie, sy politieke gedragslyn was onstandvastig, sy ekonomiese gedagtes nie gesond nie.

J. Ploeger.

De Wet, J. M.: Jopie Fourie. Foto-album. R1-50, pp. 32; Majuba Album Uitgewers, Pretoria, 1966.

Bogenoemde album is met kennelike piëteit en verering saamgestel deur een van Jopie Fourie se kommandomaats, J. M. de Wet. Ek ag dit gelukkig dat die werk uitgevoer is deur iemand wat Jopie Fourie intiem geken het en wat deelgehad het aan die omswerwing van die klein Rebellekommando waarvan hy die aanvoerder was.

Vir my gevoel moet 'n gedenkuitgawe van hierdie aard met ander maatstawwe gemeet word as 'n gewone historiese werk. Die absolute eise van objektiwiteit kan hier moeilik geld. Die begrip gedenkuitgawe impliseer reeds dat die onderwerp met verering benader word. Meestal, soos hier ook veral die geval is, kry so 'n uitgawe iets roerends en persoonliks, wat 'n streng wetenskaplik-objektiewe werk gewoonlik mis.

Die album bevat afdrukke van seker alle beskikbare portrette van Jopie Fourie en sy familie, vanaf die grootvader tot die huidige geslag; verder foto's van die

familieplaas Hartbeeshoek waar hy gebore is en waar die gedenknaald staan. Origenis is opgeneem facsimile-afdrukke van 'n brief wat hy in gevangeneskap geskryf het en aantekeninge wat in sy sakboekie en Bybel voorkom. Van historiese belang is 'n aantal foto's van die plek in die sentrale gevangenis waar hy gefussileer is, wat met spesiale toestemming van die minister van Justisie geneem is.

Die teks is tot 'n minimum beperk. Na 'n kort inleiding, *Sy Temperament*, gee die samesteller hoofsaaklik net byskrifte tot die platemateriaal. Origenis word al die briewe weergegee wat Jopie Fourie gedurende sy laaste nag geskrywe het. „De boom die geplant is en met mijn bloed benat word zal opgroei tot een groote boom en het zal heerlijke vruchten voortbrengen” — dit is die boodskap wat deur hierdie album na vore gebring word. Die samesteller verdien die dankbaarheid van die Afrikanervolk dat die lotgevalle van een van sy helde hier op so 'n aanskoulike wyse weer onder die aandag gebring word.

Die album is netjies en smaakvol op kunspapier uitgevoer deur die drukkers Middleton en Joubert, Pretoria. Behalwe by die uitgewers is dit ook by die Unie-Boekhandel, Pretoria, en die Transvaler-Boekhandel, Johannesburg, verkrygbaar. Ten slotte kan gemeld word dat 'n hersiene en bygewerkte lewensbeskrywing van Jopie Fourie, ook deur J. M. de Wet, binnekort sal verskyn.

F. J. du T. Spies

Van Jaarsveld, F. A.: Die Verlede spreek. Voortrekkerpers, 62 bladsye. Prys: 65c.

Hierdie werkie bestaan uit vier-en-twintig radiopraatjies wat prof. Van Jaarsveld in opdrag van die S.A.U.K. tussen 20 Januarie en 21 Maart 1964 gelewer het. Oor die algemeen kan ons sê dat dit 'n reeks sprankelende geselsies is wat tot die breë hoofsaaklik Afrikaanssprekende luisteraars gerig is. 'n Wye aantal skynbaar uiteenlopende onderwerpe word in die geselsies aangeraak. Die waarde van ons geskiedenis, ons jeug, droogte, die see, hoe die Voortrekkers hulle genoem het, „President Steyn, beskerming van nie-blankes, „Een man een stem”, denke oor Afrika, pan-Afrikanisme ensovoorts, word kort, saaklik en prikkelend behandel.

Ofskoon die onderwerpe skynbaar uiteenlopend is, het hulle dit in gemeen, naamlik dat elke praatjie as 'n soort van vroeë môre opwekker moet dien en dat die verlede en in besonder ons eie volksverlede gebruik word om die huidige geslag se ruggrate te staal. Huidige vraagstukke word in verband gebring met die verlede en glo die skrywer, ons kan uit die geskiedenis leer. Hierdie standpunt klink natuurlik 'n bietjie argaïes, maar indien 'n mens die aspek wil ignoreer, dan bied die verlede, veral as jy die mes 'n bietjie skeef insny, baie om oor te gesels. Deur hierdie soort handvatsel aan die geskiedenis te sit — en watter volk het dit nie reeds tot eie ontugtering gedoen nie? — word die verlede 'n interessante instrument waarmee 'n poging aangewend kan word om die paadjie na die onmiddellike toekoms oop te vee. Prof. Van Jaarsveld se standpunt dat die historikus die verlede vertolk staan sekerlik op pote, maar sy standpunt dat die verlede 'n „boodskap” inhou, moet sekerlik ondersoek word en sy standpunt dat 'n goeie „vaderlander” nie onverskillig teenoor die verlede mag staan nie, is pragnant met heelwat logiese moontlikhede.

Wanneer ons lering in die geskiedenis soek, of anders gestel, indien ons die geskiedenis as argument wil gebruik om 'n *huidige* standpunt te staaf, dan klink 'n stelling soos die volgende natuurlik logies: „Die feit dat die predikant in die verlede en veral vandag deur sekere elemente in die land aangeval is en verkeerd voorgestel word, is 'n bewys van hulle bydrae tot die opbou van ons volk” (bl. 14). Die eenmalige van die historiese situasie, veral as hy uit sy tyd-ruimtelike verband gelig word, word dan 'n heel interessante basis waarop huidige standpunte gegrond kan word veral

as verskillende situasies as analoge situasies gesien word. Dus sien prof. Van Jaarsveld „'n interessante parallel tussen die destydse stemregvraagstuk (die Uitlanders) en die stemregkwessie van vandag” („Een Man Een Stem” en „Stemreg”) terwyl Kruger die vader van die pan-Afrikanisme op bl. 47 word. Dat die analogie soms onsighaar dun gerek word maak nie saak nie, want die meeste lesers sal tog met die skrywer op bl. 41 roerend eens wees: „Siedaar hoe die hede na die verheldering van die verlede kan lei en hoe die verlede die hede beter laat begryp!”

In 'n onlangse lesingtoer deur ons land het die bekende Nederlandse historikus W. den Boer dit by een geleentheid gestel dat dit die taak en plig van die wetenskaplike historikus is om waarheid van legende en mite te skei en om die verlede alleen te laat spreek. Dit lyk vir my nou of hierdie opvatting te koud-studeerkameragtig is, want die verlede is 'n „lewende verlede” wat deur ons tot „spreke” gebring kan word, sodat die huidige geslagte op daardie stowwerige paaie kan bly — al word ons in die proses 'n bietjie dors! Terselfdertyd kry „geskiedenis” nou 'n praktiese (sic!) waarde en het ons 'n uitstekende argument gekry om die vak verpligtend tot en met matriek te maak. Die S.A.U.K. kan gerus daaraan dink om 'n verdere reeks praatjies te laat lewer waarin die mes na die anderkant toe ingesny word. 'n Mens kan maar net wonder hoeveel radio's dan afgeskakel sal word waardeur die verlede stom sal word. Dit lyk vir my mos of die verlede 'n soort Prelleriaanse musiekdosie geword het waaruit allerhande deuntjies getower kan word — dit hang net af van die tyd, plek, omstandighede en . . . die dirigent.

T. S. van Rqoyen.

Woolrych, A. H.: Oliver Cromwell. 64 pp., Oxford University Press, 1964.

This little sketch of Cromwell's life and times is by the Professor of Modern History at the University of Lancaster. It is the second in a series, the *Clarendon Biographies*, and is obviously not intended to serve as more than an introduction to a complicated and critical period of British history. There is thus no critical apparatus, no introduction or footnotes and na proper bibliography.

However this should not deter interested persons, especially beginners in this period, from getting the book and reading it. There is a sound annotated guide to further reading, with valuable comments on the importance of various published collections of primary sources and the quality of certain secondary works, there is a two page outline of Cromwell's career in the form of a time-chart, with the important battles printed in italics, and there is a really valuable conclusion, where Cromwell's character and his stature as soldier, politician and statesman is assessed, his views on civil liberty and the rule of law considered, and the influence of his religious views on him and his conduct explained.

In his actual text Professor Woolrych stays very close to Cromwell, so much so that one wishes for a little more on the important events of the “eleven year's tyranny”, when Cromwell was living in obscurity. On the other hand this is the history of a man, not a time; there is little room for digression, and to grumble would be ungracious for the writer does manage to weave much explanatory matter into his narrative without breaking its flow. The reader, be he ever so ignorant, is introduced, gently and skilfully, to the complicated and inextricably intertangled religious, political and economic issues and trends of the time. There is possibly a slight jarring where Professor Woolrych explains Cromwell's conduct in Ireland; to this reviewer he seems to explain a little too much. But then many of the readers of this book may not yet fully appreciate the importance of not judging the past by what they hope are the generally accepted standards of our own day.

A. Harington

Hepworth, Philip: How to find out in history — A Guide to Sources of Information for all. Pp. 242; Pergamon Press, Oxford, New York, ens., 1966.

Hierdie werk is eintlik 'n bibliografie oor bibliografie en het as doel om die belangrike bronnepublikasies in geskiedenis sowel as sy hulpwetenskappe soos epigrafie, ikonografie, ens. onder die aandag van die navorser te bring. Vir die student, die navorser en die bibliotekaris en enigeen wat uit nuuskierigheid of andersins die historiese agtergrond van een of ander onderwerp wil nagaan, is so 'n werk natuurlik van uiterste belang.

Die werk gee 'n oorsig oor algemene en gespesialiseerde bronnegidse i.v.m. geskiedenis, biografie, bibliografie en meld ook die belangrikste historiese werke, nasionaal sowel as plaaslik van 'n ongeveer halfdosyn lande buite Brittanje. Die bestaan ontstaan van die belangrikste biografiese woordeboeke in lande soos Brittanje, Duitsland, Frankryk ens. word bv. nie alleen bespreek nie maar die aanwendbaarheid van elkeen word met vroeër en later gepubliseerde biografiese woordeboeke bespreek en vergelyk. Sels die lettertipes en voorkoms van die bladspieël asook omvang van elke biografiese woordeboek word aangedui. Dit uitgangspunt bly egter die nasionale geskiedenis want dit is volgens die outeur die maklikste en beste om nasionale bibliografie uit die eie nasionale werke te bestudeer, want dit bevat nie net noodwendig meer en vollediger detailgewens nie maar is ook „nearer to the heart of their compilers than those of wider scope” (bl. 73). Interessant is die feit dat die outeur ook fotostatiese afdrukke van die bladspieëls van die belangrikste werke weergee.

Vir die Suid-Afrikaner wat belang stel in plaaslike geskiedenis is die outeur se bibliografie van die plaaslike geskiedenis van Brittanje uiters interessant. 'n Mens staan eenvoudig verbaas oor die omvangryke afmetings wat hierdie studieveld in vergelyking met ons en ander lande aangeneem het. Dit is verder interessant dat die outeur nie net volstaan met lyste van werke nie maar sels ook die meriete van afsonderlike werke aanstip. Ook word kortliks die probleme van die navorser wat hom met plaaslike geskiedenis besig hou, aangedui.

Afgesien van bibliografiese werke oor Brittanje en Europa in die algemeen word werke uit lande in Afrika, insluitende die Republiek van Suid-Afrika en ook lande buite Afrika soos die vasteland van Noord- en Suid-Amerika, en lande in die Ooste ook genoem. In kort probeer die outeur 'n universele oorsig te gee en word hy derhalwe verplig om alleenlik uit elke land die belangrikste te noem wat hy meen as uitgangspunt vir verdere navorsing kan dien. Vir die Republiek van Suid-Afrika word vyf werke genoem nl. Wooton and Gibson se *Who's who of Southern Africa*, E. Rosenthal se *Encyclopaedia of Southern Africa* en G. Nicholson se *German Settlers in South Africa*, asook die bekende werk van Mendelsohn, en ook N. Nienaber se *Bibliografie van Afrikaanse Boeke*.

'n Uiters belangrike byvoeging wat 'n mens normaalweg nie in 'n werk van hierdie aard kry nie is die afdeling oor die bykomende of tegniese hulpwetenskappe soos die numismatiek, die ikonografie of die navorsing i.v.m. die illustrasie van 'n onderwerp, epigrafie, papirologie, sigillografie, ens. asook die heraldiek en die genealogie terwyl hy in die laaste hoofstuk 'n kort oorsig gee van die belangrikste werke wat daar oor die primêre bronnemateriaal, d.i. argivale bronne, verskyn het. 'n Mens merk egter dat ofskoon die outeur melding maak van *A Guide to the Public Records of Southern Rhodesia*, hy geen sodanige werk vir die Republiek van Suid-Afrika meld nie. Die twee belangrikste werke hier is natuurlik Goldman se *Beredeneerde Inventarissen van de Oudste Archief-Groepen der Zuid-Afrikaanse Republiek* en C. Graham Botha se *Die Openbare Argiewe van Suid-Afrika, 1652-1910*.

In sy geheel gesien is hierdie werk 'n uiters noodsaaklike en komprehensiewe werk wat 'n leemte vul en wat op elke biblioteekrak in ons land behoort te staan. Vir die navorser en student is hierdie werk wat met klaarblyklike liefde aangepak is en van buitengewone volledigheid getuig, onontbeerlik.

T. S. van Rooyen

McIver, J. R.: Gems, Minerals and Rocks in South Africa; pp. 268, 15 landkaarte, 80 afb., 40 kleurplate, 8 sketse; Purnell en Seuns, Kaapstad, 1966. R15.

Mens kry soms die indruk dat edelstene en die slyp daarvan op die oomblik in ons land 'n mode is wat wel weer verby sal gaan. Deur die publikasie van hierdie waardevolle boek besef jy dat die belangstelling egter baie dieper gaan. Vir die van ons wat 'n oog het vir die skoonheid van half-edelstene en klippe, wat daarvan hou om hulle te slyp en te poleer, is hierdie 'n boek wat 'n oorvloed van inligting en aanwysings bevat.

Belangstelling vir klippe en minerale het al vroeg begin. Die primitiewe mens het sekere stene gebruik vir versiering. Deur die skrywer word ook ons aangemoedig om self die natuur in te trek en mooi klippe te soek. Hoe dikwels doen kinders dit nie — hulle sien 'n mooi klippie, tel dit op en speel daarmee. Maar as gevolg van die kennis opgedoen deur die lees van hierdie boek kan ons vasstel watter soort klip ons aandag getrek het en hoe dit gevorm is. Die algemene mening dat die groot mynmaatskappye reeds noukeurig weet waar alles in die Suid-Afrikaanse bodem gevind kan word, is onjuis. Baie is nog nie bekend nie.

Die skrywer laat ook nie die hoofaandag op goud en diamante val nie, maar veral op die groot aantal ander klippe en minerale waaraan die bodem van ons land so ryk is. Elkeen van ons kan vir geringe koste 'n eie versameling pragtige gesteentes opbou en McIver gee aanwysings hoe om dit die beste te doen. Ons besef dat dit nooit compleet kan kom nie; dit gaan altyd aan.

In eenvoudige bewoording, waarby die ingewikkelde terminologie van die vakgebied angsvallig vermy word, kry ons 'n oorsig van die geologie van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika, Basoetoland, Swaziland en Rhodesië, 'n geskiedenis van 3,000-miljoen jaar. Met kaarte word verduidelik waar die verskillende verskynsels die meeste voorkom. Vervolgens is daar 'n beskrywing van kristalle, in watter tipes hulle voorkom en hoe verskillende minerale herken kan word. Daar is 'n paar eenvoudige toetsies met identifikasie-tabelle vir die amateur om die skeikundige samestelling en hardheid van 'n klip te bepaal. Mens kan dit natuurlik ook sommer in die hand weeg, maar dit vereis baie ervaring! Landkaarte help om versamelaars 'n aanduiding te gee van die belangrikste streke waar verskillende klippe in ons land gevind kan word. Die kleiner plekkies moet ons self ontdek!

Die skrywer gee ons 'n geskiedkundige oorsig van 'n hele aantal klippe en minerale. Oor diamante kan natuurlik baie vertel word. Reeds die ou Romeine het hulle geken, maar hulle het dit net vir graveerwerk gebruik en nog nie as versiering nie. Hierdie diamante het uit Indië gekom. Beroemd is die Koh-i-noor (109 karaat), die Hope (44 k.), die grootste gekleurde diamant (blou), waaraan die bygeloof klewe dat dit sy besitter ongeluk bring. Dit was o.a. in besit van die Franse koningin Marie Antoinette. Die wêreldvoorraad van diamante het geweldig gestyg nadat in die 18de eeu in Brasilië en in die 19de eeu in Suid-Afrika groot hoeveelhede gevind is. Belangrike Suid-Afrikaanse diamante is die Cullinan (3,000 k.) wat eintlik die kleiner helfte van 'n nog groter klip is; die ander deel is nooit gevind nie. Verder is bekend die Excelsior (650 k.), die Ster van Suid-Afrika (83 k.), die Stewarddiamant (288 k.), die Jonkerdiamant (726 k.) en 'n belangrike onlangse vonds: die Groot Crysanthium (104 k.).

Suid-Afrika is die grootste produsent van goud in die wêreld. Ook dit het sy eie geskiedenis: eers is dit in Knysna gevind, daarna naby Barberton en Pelgrimsrus, daarna op die Witwatersrand.

Vir kosbare stene is daar drie vereistes: hulle moet mooi wees, seldsaam en duursaam: die diamant, rubie, smarag, saffier e.a. beantwoord aan hierdie vereistes. Half-edelstene voldoen nie noukeurig aan een of meer van hierdie vereistes nie. Al vroeg is amber gebruik vir versiering of mistieke doeleindes. Deur die eeue het edelstene aanleiding gegee tot bygeloof en omdat hulle waardevol is, het hulle gewoonlik in die voordeel van die mens invloed gehad: amber help om babas tande te laat kry, 'n amatis het liefdeskrag en beskerm teen dronkenskap, die berilsteen help om 'n geveg of 'n regszaak te wen, terwyl 'n smarag die geheue versterk en 'n afweer-middel teen slange is.

Namate slypmiddels verbeter het, kon ook die slypvorme aantrekliker word. Aanvanklik is net gepoog om die grootste omvang van die klip te bewaar en was daar nog geen vaste patroon nie. Eers na die 15de eeu ontstaan 'n sisteem van vlakke slyp en eers in die 17de eeu is besef wat die beste manier was om diamante te slyp. Maar dit het tot die 20ste eeu geduur voordat as gevolg van verbetering van slyp-middele die bewerking van klippe algemeen geword het. Die saag, slyp, skuur en poleer is nou binne e'keen se bereik.

Vir wie alreeds belangstelling vir klippe en die bewerking daarvan het, bevat hierdie boek 'n groot hoeveelheid handige wenke en dit sal gereeld geraadpleeg kan word. Dit probeer almal se belangstelling vir klippe, so 'n tipiese Suid-Afrikaanse natuurverskynsel, op te wek. Dit is die eerste boek wat op populêre manier vir a'mal juis Suid-Afrikaanse klippe en minerale bespreek. Die landkaarte is besonder duidelik, sketse en skemas waardevol. Die afbeeldings en kleurfoto's is opmerklik mooi. Daar is 'n uitstekende woordelys en indeks. Die boek beantwoord aan 'n leemte wat lank op hierdie gebied bestaan het.

F. G. E. Nilant

Scheps, Drs. N.: Een wereld vol vraagtekens. Pp. 82, 128. Boeketreeks, Uitgeversmij J. H. Kok N.V., Kampen. Prys in Nederland ongeveer R0-40.

Dr. N. Scheps begin sy geskiedkundige vraag te stel of geskiedenis belangrik is. Slegs 'n enkeling gaan, na die skooljare, 'n lewenslange verbond met die geskiedenis sluit. Een van die beklemmende redes hiervoor is die onomstootlike feit dat die mens van die twintigste eeu die laboratorium, en nie die argief nie, as 'n werkgebied sien. Dan rig die hedendaagse mens hom veral na die toekoms. Tog, aldus skrywer, gryp die geskiedenis aanmerklik sterker in ons lewe in as wat ons bewus aanvoel. Elke dag ondervind ons die gevolge van verskynsels en gebeurtenisse uit die verlede, van wat ons geskiedenis noem.

Vir die mens wat homself rekenskap wil gee van die betekenis van sy bestaan, is geskiedenis onontbeerlik. Dit geld veral in die veelibewoë tydperk waarin ons vandag lewe. Drs. Scheps behandel vervolgens die betekenis van die studie van die verlede vir die klassieke, opvattinge van Nederlandse Calvinistiese skrywers soos Da Costa en Groen van Prinsterer, laasgenoemde se opvattinge oor die Franse Rewolusie, die heilstaatsgedagte van Karl Marx, die „Geschichtsdeutung“-interpretasie van Hitler en die Reformatoriese gedagtes oor die betekenis van die geskiedenis. Vervolgens wy hy hoofstuk IX van sy werk aan die koninkryk wat in ewigheid bestaan, aan dié rigsnoer van die Christen en die Christelike geskiedenisfilosofie wat verdieping in die probleem van die leiding van God in die geskiedenis beteken. Op die vraag wat die betekenis van die geskiedenis is, is deur die Christene nog altyd dieselfde antwoord gegee: Die

koms van die koninkryk van God. In die ver verlede het Augustinus en Otto von Freising die vroeëre Christelike beskouings oor die betekenis van die geskiedenis verkondig. Die humaniste het die Christelike geskiedbeskouing van die Middeleeue verwerp en die mens, net soos in die Oudheid, in die middelpunt gestel. Vervolgens bespreek skrywer die verskil tussen die Reformatoriese opvatting en die vroeëre Christelike beskouings om dan hoofsaaklik sy aandag te bepaal by die opvattinge van Groen van Prinsterer en ander Nederlandse skrywers soos Z. W. Sneller, A. A. van Ruler, A. A. van Schelven, G. C. Berkouwer, G. van der Leeuw en M. C. Smit (*Het goddelijk geheim in de geschiedenis*, 1955). Aan die einde van sy beskouings verklaar skrywer: „Op het toneel van de wereldgeschiedenis heeft de grote Regisseur de leiding en elke speler gehoorzaamt zijn bevelen. Zo hebben we op de oude vraag naar de zin der historie het antwoord gevonden. Dit antwoord is ‚getrouw en waarachtig‘. Het is immers gegeven door Jezus Christus. Aan Hem is het laatste woord!”

J. Ploeger.

Mes, G. M.: Mr. White Man, What Now? Afrikaanse Pers-Boekhandel. Prys R2-75.

Dit was te verwagte dat ook 'n Suid-Afrikaner uiteindelik 'n werk sou lewer waarin antwoorde geponer word op die vraag na die kleurkrisis waarmee die blanke van die na-oorlogse jare gekonfronteer word. Dit is terselfdertyd interessant om daarop te let dat telkens wanneer 'n beskawingsgroep, kultuurgroep of nasionale groep voor 'n toestand te staan gekom het waar besef word dat nuwe keuses gemaak moet word omdat die ou orde van dinge onafwendbaar verdwyn het of besig is om te verdwyn, daar ten eerste na die Geskiedenis gegryp word om 'n antwoord te vind op die probleme wat die huidige „krisissituasie” poneer om sodoende die betrokke mensegroep in staat te stel — of hulle ten minste laat verbeel dat dit so is — om die duister van die onmiddellike toekoms te belig. Op die vooraand van die ondergang van die ou Helleense beskawing het 'n Thucydides tevergeefs hierdie funksie vir die Grieke verrig, terwyl die Duitse ineenstorting van 1914-18 die sombere Spengler met sy *Untergang des Abendlandes* opgelewer het. Die blankes in Suid-Afrika wat hul omrede hul kleurbeleid van die res van die wêreld afgesny voel, het stadigaan aan hul eie bas begin voel dat kleuropvattinge 'n dominante onderlaag van die wêreldpolitiek geword het en dat die aanvaarding van 'n politieke gelykheidsbeginsel ongeag ras of kleur deur die Westerling, die onderliggende motief vir die blanke se anti-imperialisme en gevolglike ontruiming van sy gesagsposisie in Afrika en Asië wat hy met soveel durf gedurende die afgelope vyf eeue bewerkstellig het, tot gevolg het.

In hierdie werk word die mes diep in die corpus van die verlede ingesny en ooreenkomstig 'n eie herinterpretasie van die duisende jare van menslike geskiedenis probeer dr. Mes 'n gedragskode in terme van rasse-politieke beleid vir die blanke in Suid-Afrika neerlê. Die verlede dien as spieël waardeur die mens homself kan sien soos hy is sodat hy vir vandag, môre en oormôre kan beplan. Volgens die skrywer moet die geskiedenis van die mens op aarde gesien word binne die raamwerk van die bestaan van drie dominante tipes menswesens op aarde. Ten eerste is daar die „short-futured” mensegroep wat gerieflikheidshalwe vertaal kan word as die „kortgerigte” mens. Hierdie groep word hoofsaaklik verteenwoordig deur die Neger-Bantogroepe van Afrika. Dan is daar die „medium-gerigte” tipe wat ontstaan het uit die ou Indo-Germaanse volkere en wat vandag hoofsaaklik deur die blanke nasies verteenwoordig word. Ten laaste is daar die „lang-gerigte” tipe waarvan die Oosterling, veral die Sjinese, 'n mooi voorbeeld vorm.

Die kortgerigte mens onderskei hom veral in die feit dat hy dominasie aanvaar, dat hy 'n swak organiseerder is en dat hy nie vir die toekoms kan beplan nie. Die

medium-gerigte mens se visie is op die onmiddellike toekoms gerig. Hy besit die fisiese en veral geestelike eienskap om staatsstelsels daar te stel, politieke ideale werklikheid te maak, leërs te organiseer en om die wetenskap by uitstek te beoefen aangesien hy impiries teenoor sy omgewing ingestel is in teenstelling met die kortgerigte mens vir wie die realiteit in homself bestaan, vandaar sy geloof in taboes en voorvadergeeste. Die ander uiterste is die langgerigte mens wie se lewe op die ewigheid ingestel is. Die wêreld-as-werklikheid, die dinge van vandag en môre gaan hom nie aan nie. Hy is 'n fatalis wat met beplanning sal begin, maar dit doen in terme van sy ewigerigheid. Die werklikheid gaan hom verby met die gevolg dat hy nie die wetenskap kan beoefen nie, en ofskoon hy die vermoë besit om 'n staatsorganisasie daar te stel en om 'n leer op die been te bring, is daar niks dinamies in so 'n staatsstruktuur of leer nie en verval dit telkens in korrupsie en doelloosheid weens die afwesigheid van onmiddellike doelstellinge. Die individue binne hierdie groep, weens hul fatalistiese ingesteldheid, maak goeie gehoorsame soldate en is dus uitstekend as guerillavegters en wanneer hy in 'n massa optree, word sy optrede uiteindelik byna doelloos omdat hy eenvoudig nie die betekenis van die bereiking van 'n beplande onmiddellike doel kan verstaan nie. Hy is terselfdertyd massamens wat ingevang is deur sy familietradisie en die bande wat daaruit ontstaan. Die gevolg is ook dat hy net soos die kortgerigte geen kode van individuele waarde kan formuleer en daarvolgens optree nie. Dit is alleen by die mediumgerigtes dat ons 'n eie individuele waarde kry wat hom openbaar in sy robuuste veglustigheid, sy sport en sy nadruk op individuele prestasie. Hierdie eienskap van ingesteldheid teenoor die werklikheid is vir die skrywer 'n biologiese werklikheid waaruit die individu wat tot die groep behoort nooit kan ontsnap nie. Die ou vraag onder rasse-sosioloë of 'n Negerkind wat by geboorte in 'n blanke omgewing geplaas is, 'n volkome draer van die blanke kultuur en beskawing kan word, gaan derhalwe vir die skrywer nie op nie want al wat met die Neger sal gebeur is dat hy die blanke se beskawingsgoedere sal verwerk ooreenkomstig sy biologiesdominante kortgerigheid.

Kleur is gevolglik geen faktor in die bepaling van 'n beskawing nie, want huidkleur is alleenlik insidenteel en uitwendig. Indien die tien miljoen Negers van Amerika oornag deur 'n wonderwerk of deur middel van een of ander chemiese produk 'n volkome blanke huidkleur kon ontwikkel, sou dit nog geen verandering bring aan hul biologies-ingesteldheid nie en sou hulle weens die beperkings wat die ingesteldheid in die samelewing meebring en hul wanaangepasheid by 'n mediumgerigte beskawingsstruktuur, nog steeds dieselfde plek in die samelewing inneem as voorheen. Dit gaan in werklikheid nie om individuele intelligensie nie maar om hierdie inherente biologiese eienskap wat die individu verhoed om in te skakel by 'n kultuurwêreld wat buite sy gerigheid om ontstaan het en waarby hy hom nooit sal kan aanpas nie, behalwe as die vreemde kultuurwêreld waarbinne hy hom bevind omvorm word ooreenkomstig sy eie biologiese ingesteldheid. Dit sou *io ipso* ook beteken dat so 'n kultuurwêreld dan eintlik deur sy omvorming „verdwyn” het. Dit is dan ook wesentlik die gevaar waarteenoor die Amerikaanse beskawingswêreld hom bevind, want indien die gelykmakingsproses wat deur die Amerikaanse regering verkondig word 'n voldonge feit moet word, sal die beskawingswêreld noodwendig omvorm moet word. Volgens die skrywer „bewys” die geskiedenis dat waar daar biologiese vermenging tussen die kortgerigtes en die medium-gerigtes (Medium futued) plaasvind die kortgerigtes se genes dominant is en dat so 'n kleurvermenging noodwendig moet lei tot die verdwyning van die medium-gerigtes en daarmee ook die beskawing wat deur hulle opgebou is.

Dr. Mes verskil van Spengler se weergawe van wat 'n kultuur eintlik verteenwoordig. Laasgenoemde se standpunt dat kultuur buite die mens om iets verteen-

woordig met sy eie morfologiese groei soos van 'n plant, kan nie aanvaar word nie, want kultuur is in sy breedste gesien die resultaat van die denkarbeid van die ontelbare *individue* wat uiteindelik gesamentlik aan die lewensstruktuur of kultuur gestalte gee. Die besondere kultuurvorms wat ons ken is eintlik die resultaat van die besondere biologies-ingesteldheid van elke individu en buite daardie ingesteldheid om kan hy nie skeppend werk nie. Sy lewenswaardes soos dit in hoogste vorm tot uiting kom in sy godsdiens, sowel as sy hele historiese verloop, is in der waarheid resultaat van hierdie biologies-ingesteldheid. Die vorm wat die besondere kultuur aangeneem het asook die limietes van die ontwikkeling daarvan, is deur hierdie biologies-ingesteldheid bepaal. Verder as daardie grense wat deur die biologies-ingesteldheid bepaal word, kan 'n kultuur nie ontwikkel nie en wanneer so 'n kultuur sy uiteindelijke grense bereik het, tree 'n element van stagnasie in. Dit sal so voort bly staan totdat dit deur 'n ander kultuurgroep wat anders ingestel is teenoor die werklikheid en dus na vore kom met 'n ander soort wetenskap, uiteindelik oorheers word. Die Westersing-blanke of mediumgerigte mens het die uiterste limietes van die moontlikhede van sy interpretasie van die empiriese werklikheid bereik.

Hierdie toestand sal nie lei tot 'n toestand van ekwilibrium binne die blanke se kultuurwêreld nie want daar is veral by die blanke 'n historiese wet aanwesig wat so-iets onmoontlik maak. Hierdie „wet” was aanwesig vanaf die oomblik dat die mediumgerigte mens hom van die dier onderskei het. Daar het altyd binne hierdie groep daardie individue bestaan wat deur hul besondere hoedanighede — dapperheid, inisiatief, intelligensie ens. — 'n soort van leierskap-aristokrasie getoon het en hul leierskap is aanvaar. Ofskoon die Demokrasie 'n tipiese produk van die middelgerigte mens is, het die byvoeging van die begrippe „Vryheid, Gelykheid en Broederskap” 'n gelykmakingsproses ingelui wat die „klein mannetjie” op die verhoog geplaas het en die aristokraat op die agtergrond geskuif het. Wat die krisis gaan vererger het, is dat die gelykmakingsproses ook tot die ander kleurgroepe of tipe ingesteldes gerig is. Die blanke het 'n politieke „gewete” teenoor die ander kleurgroepe ontwikkel en dit het die tydperk van die de-kolonisasie ingelui.

Die krisis waarteenoor die blanke hom bevind, is dus iets van sy eie maaksel en dit gaan in werklikheid nie om enige „-isme” binne die groep nie want een resultaat van hierdie gelykmakingsproses is die erkenning van die „klein nasies” of nasionalisme. Die wêreld word dus noodwendig ook opgesplits in kleinere geografies-beperkte nasionaliteite. Die Kommunisme van die Rus moet uit hoofde van voorgaande ook anders wees as die Kommunisme van die Sjinees wat uit hoofde van sy biologies-langgerigtheid iets anders daarvan maak. Die Russe sal weens die bedreiging wat die Kommunisme van die langgerigte mens, die Sjinees, inhou, tot 'n vergelyk met Amerika moet kom. Die Japanner is die uitsondering in die wêreld van die langgerigtes. Dr. Mes meen dat daar op een of ander stadium 'n invloed van die genes van die mediumgerigte was met die gevolg dat ons hier 'n ideale kombinasie van die eienskappe van die mediumgerigtes en langgerigtes het. Indien Japan die leiding in die Ooste oorneem, sal hy met behulp van die amorfes massas van Sjina, die blanke dodelik kan bedreig.

Dr. Mes se standpunt is dat ons in Suid-Afrika verkeerde taktiek volg deur die Kommuniste as „bogeiman” te sien. Dit gaan in werklikheid hier nie om 'n politieke „-isme” nie maar om die kultuurwêreld wat deur die mediumgerigtes daargestel is en indien Rusland en Amerika mekaar gaan vind — en dit lyk waarskynlik so — sal ons hoog en droog op 'n mishoop sit. Aan die ander kant is eiesoortige ontwikkeling die regte, nie omdat hier kleurdifferensiasie plaasvind nie, want dit is net insidenteel, 'n ongeluk van die „natuur”, maar omdat hier 'n poging aangewend word om kortgerigtes en mediumgerigtes te skei. Dié Bantoe wat hulle in die blanke gebiede

bevind en nie in eie tuislande geplaas kan word nie, sal die posisie aanvaar solank as wat hulle regverdig behandel word. Dit is in die aard van die kortgerigtes om gesag te aanvaar. Hulle was trouens nooit sonder gesag nie en al wat in Afrika gebeur het is dat die gesag van die „White-man boss” deur ’n inboorling-„boss” vervang is. „White-man boss” kan voortgaan om in ons blanke gebiede te regeer solank as hy voldoen aan die universele drang na individuele menslike geluk en omdat dit in sy inherente biologiese aard is, is hy daartoe in staat om dit beter te doen as die Bantoe- en Negerleiers van Afrika wie se politieke eksperiment met „Uhuru” besig is om in hulle gesigte te ontplof omdat dit gebaseer is op konsepte wat nie eie is aan die kortgerigte mens nie.

Uit die bogaande resumé is dit duidelik dat dr. Mes hier ’n werk gelewer het wat ’n wye gebied dek. Hy skryf interessant, beskik oor ’n wye kennis van die geskiedenis en die politiek, en sy byna sardoniese humor sal die leser boei, maar of sy standpunt altyd logies afeibaar is uit die feitelike gegewens is natuurlik ’n ander saak. Regter J. F. Ludorf wat die werk van ’n voorwoord voorsien het, wys ten regte daarop dat hierdie werk gedagteprikkend is. Enigiets nuuts wat oor ons „krisistoestand” gesê word, veral as dit instemmend met huidige opvattings geskied, is mos „gedagteprikkend”. Regter Ludorf is ook van mening dat dit logies op pote staan. ’n Mens kan egter altyd verskil.

T. S. van Rooyen

Waterberg, H. J.: Catalogue of Books (English) published in South Africa, still in print; pp. 48-XIV; C. Struik, Kaapstad, 1966.

Vir die eerste keer het ons met hierdie boekie ’n volledige oorsig van die boeke in die Engelse taal, wat van 1950 tot 1966 in Suid-Afrika verskyn het en nog verkrygbaar is. Dit is in ’n hele aantal afdelings ingedeel: kuns, musiek, geskiedenis, politiek en sosiologie, aardrykskunde, biologie, sport, huishoudkunde, onderwys, medies, bibliografie, filosofie, sielkunde en teologie, tale en literatuur, wetenskap, regsgeleerdheid. By elke titel word die oorspronklike prys genoem, terwyl by reekse, soos die Argief-Jaarboek en die Van Riebeeck-Vereniging se publikasies, die laaste uitgawe genoem word en gemeld word of ’n volledige lys beskikbaar is.

Die katalogus is die eerste van ’n stel. Dit lê in die bedoeling van die uitgewers om volgende jaar ’n soortgelyke katalogus uit te gee van Afrikaanse boeke, ’n lys van pamflette in Afrikaans en Engels, en ’n aanvulling op hierdie katalogus.

Wanneer ons in aanmerking neem hoeveel werk en tyd die samestelling van so ’n katalogus verg en met hoeveel noukeurigheid dit in hierdie geval gedoen is, behoort ons die uitgewers dankbaar te wees vir die moeite wat hulle hul getroos het. Dit is ’n boekie wat mens van dag tot dag raadpleeg en wat ’n geweldige hoeveelheid inligting bevat. Dit is baie netjies en duidelik gedruk en daar is ’n uitstekende indeks. Mettertyd sal hierdie katalogus self ook weer Africana word.

F. G. E. Nilant